

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Addendum van 8 bladsye (i tot viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar twee afdelings:

AFDELING A: Begrip-, Taalvaardigheid en Visuele Geletterdheid
AFDELING B: Poësie
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A.
 4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 7 of 8. Beantwoord dus Vraag 6 en 9 (verplichtend) en kies uit die twee gedigte in Vraag 7 of Vraag 8.
 5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 6. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
 7. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde en bly binne die regterkantse kantlyn.
 8. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die punttoekenning by elkeen van die vrae as riglyn vir die antwoord se lengte.
 9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
 10. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.
-

AFDELING A BEGRIP-, TAALVAARDIGHEID EN VISUELE GELETTERDHEID

VRAAG 1

Lees die teks 'Iewers tussen oordrewe reëls en géén reëls' (Teks 1 in die Addendum) noukeurig deur en beantwoord dan die volgende vrae.

- 1.1 Watter woord, uit paragraaf twee, toon aan dat dit nie die spreker se gevoelens is wat hier verduidelik word nie? (1)
- 1.2 Sê in jou eie woorde waarom "die kind", volgens paragraaf 4, glo dat sy niks meer by die skool kan leer nie. Noem twee dinge. (2)
- 1.3 Lees weer paragraaf 5 en 6. Wat, dink jy, is die toon van paragraaf 5? Verduidelik jou antwoord deur na die **styl** en die **inhoud** te verwys. (3)
- 1.4 Watter twee woorde in paragraaf 6 sluit duidelik aan by die twee dinge waaroor die kind ongelukkig is by die skool? Verduidelik jou antwoorde kortliks. (2)
- 1.5 Lees weer die eerste sin (par. 1) van hierdie artikel. Brei nou hierdie sin uit met 'n byvoeglike bysin wat pas by die konteks van hierdie artikel. (2)
- 1.6 Gee een woord wat min or meer dieselfde beteken as die uitdrukking "stert tussen die bene" (par. 10). (1)
- 1.7 In die HAT (2005: 939) vind ons die volgende inskrywing:

ris'sie s.nw. (-s) **1** Vrug van 'n plant waarvan die pitte op die tong brand en tot peper gemaal kan word; die plant self; *Capsicum: Rissies kweek. Rissies op 'n stellasië uitdroog.* **2** (fig.) Kwaai, parmantige, kyfagtige vroumens; feeks, rissiepit: *Tante Koba is 'n ware rissie vir wie mans ligloop.*
 - 1.7.1 Waarvoor staan die afkorting "s.nw." in die inskrywing hierbo? (1)
 - 1.7.2 Die woord "Rissiepit" word duidelik op 'n figuurlike manier gebruik in paragraaf 12. Watter **een woord**, uit die woordeboekinskrywing hierbo, beskryf die dogter die beste (binne die konteks van die teks)? Verduidelik jou antwoord kortliks. (2)
- 1.8 1.8.1 Na wie verwys die spreker met die woorde "die klein kwagga" (par. 16)? (1)
 - 1.8.2 Motiveer jou antwoord by Vraag 1.8.1. (1)
- 1.9 Wat, dink jy, is die funksie van die ellips (stippels) aan die einde van paragraaf 17? Noem twee. (2)
- 1.10 Lees weer paragraaf 19 en verduidelik nou, volledig en in jou eie woorde, wat die skrywer met die titel van hierdie rubriek bedoel en wat die implikasie vir ons toekoms is. (3)

- 1.11 Watter reël (bo en behalwe die reëls rondom hoe jy jou hare mag dra) was, volgens jou, onnodig of belaglik by jou skool? Noem asseblief slegs een en motiveer jou antwoord. (2)
- 1.12 Verduidelik die betekenis van die prefikse in die volgende twee woorde uit die teks:
- 1.12.1 ontkenning (par. 5)
- 1.12.2 herhaal (par. 13) (2)
- [25]

VRAAG 2

Jy werk by jou universiteit se studente-radiostasie en doen 'n radio-onderhoud met prof. Jonathan Jansen om nuwe eerstejaars by die universiteit raad te gee oor hoe hulle 'n sukses van hulle studies kan maak. Hierdie insetsel mag slegs 100 woorde lank wees om binne die 45 sekondes tydgleuf in te pas.

Bestudeer die rubriek deur Jonathan Jansen (Teks 2 in die Addendum) deeglik en gebruik sy AGT wenke vir jou onderhoud.

Let asseblief op die volgende:

- Die bestuurder van jou radiostasie verwag dat jy (en prof. Jansen) geen Engelse woorde sal gebruik nie.
- Lê jou radio-onderhoud uit soos 'n dialoog en begin soos aangedui. Jy hoef nie hierdie beginwoorde (in die blokkie hieronder) oor te skryf nie.
- Dui jou woordtelling vir die onderhoud onderaan.

Voor jy jou teks (van hoogstens 100 woorde vir die gesproke teks waarby lidwoorde soos "die" en "n" bygetel is) begin skryf, moet jy aandui watter tipe musiek/byklanke jy gaan gebruik om die onderhoud mee te begin. Aan die einde van jou teks moet jy aandui hoe jy die onderhoud gaan afsluit. Elkeen mag hoogstens 20 woorde lank wees.

- Die eerste sin moet die musiek/byklanke beskryf wat in die agtergrond sal speel.
- Die laaste sin moet die onderhoud afsluit en die oorgang tot die volgende insetsel in die radioprogram aankondig.

Begin so:

Ek: Prof. Jansen! Ek werk vir UniRadio. Ek weet u is besig, maar ek het u artikel in die koerant gelees en ek dink ander eerstejaars moet ook daarvan hoor. Vertel my, wat *maak* 'n goeie student?

[10]

VRAAG 3

Beskou en lees die Environ-advertensie (Teks 3 in die Addendum) wat in die *Rooi Rose* van November 2011 verskyn het aandagtig en beantwoord dan die volgende vrae.

- 3.1 Environ-velprodukte maak hier gebruik van sosiale media om hulself te adverteer. Dink jy dit is 'n suksesvolle advertensie? Verduidelik jou antwoord aan die hand van die volgende:
- 3.1.1 Die naam van die sosiale media wat gebruik word. (1)
- 3.1.2 Die gesprek op die persoon se "status". (1)
- 3.1.3 Die oorspronklikheid van hierdie advertensie as jy dit vergelyk met ander advertensies vir velsorgprodukte. (1)
- 3.2 Wie, dink jy, is die teikenmark vir hierdie produk? Gee twee redes vir jou antwoord. (3)
- 3.3 Kies die regte word in hakies en skryf dit neer:
- Samantha (is/was) op 10 Maart 1991 gebore.* (1)
- 3.4 In die kopié (teks) onderaan die advertensie is daar spelfout! Skryf die woord korrek oor. Verduidelik ook kortliks watter spelreël die kopieskrywer moontlik vergeet het. (2)
- 3.5 Die adverteerders het die visuele gedeelte van hierdie advertensie in Engels gepubliseer. Gee twee redes waarom dit gepas is en een rede waarom dit problematies kan wees. (3)
- [12]**

VRAAG 4

Lees die teks getiteld 'Gebreekte arms demp nie gr. 1's se lus' (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae.

- 4.1 Die woord "gebreekte" (in die titel) is 'n swak verlede deelwoord van die werkwoord "breek". Maak nou 'n sin met die sterk verlede deelwoord van "breek" sodat die betekenis van die nuwe woord duidelik is. (2)
- 4.2 Verduidelik die figuurlike betekenis van die woord "beenaf" (par. 1) in 'n verklarende sin. (2)
- 4.3 Waarom is die woorde "Die Burger" (par. 2) in skuinsdruk geplaas? (1)
- 4.4 Let op die woord "gepootjie" in paragraaf 3. Dink jy dit is 'n gepaste woordkeuse binne die konteks van hierdie berig? Motiveer. (2)
- 4.5 "Foto" (par. 2) se meervoud is "foto's". Watter ander woord in paragrawe 2 tot 4 sal ook met 'n afkappingsteken in die meervoud geskryf word? (1)

- 4.6 Die woorde "hys" en "gehyl" (par. 5) is die ontronding van die woorde "huis" en "gehuil".

Hoekom gebruik die verslaggewer nie die standaard spelvorme van hierdie woorde nie? Gee twee moontlike verklarings.

(2)

- 4.7 Skryf Danél van Loggerenberg se woorde (par. 8) oor in die indirekte rede en gebruik formele standaardafrikaans. Begin soos aangedui.

Danél van Loggerenberg vertel ...

(2)

- 4.8 Wat beteken die uitdrukking: "hulle slyp reeds hul tande" (byskrif by foto)?

(1)

[13]

VRAAG 5

Beskou die spotprent (Teks 5 in die Addendum) noukeurig en beantwoord dan die volgende vrae daaroor.

- 5.1 Wie, dink jy, is "ou Daan" (volgens die woorde van die linkerkantse donkie)?

(1)

- 5.2 Let op die regterkantse donkie se woorde, nl. "Dink jy wat ek dink!"

5.2.1 Wat, dink jy, dink hierdie donkie?

(1)

5.2.2 Watter emosie word oorgedra deur die uitroeptekens (in beide donkies se woorde)?

(1)

- 5.3 Noem drie maniere waarop boere in hierdie spotprent gestereotipeer word.

(3)

- 5.4 Waarom, dink jy, is sommige mense gekant teen die eet van donkievleis? Verduidelik jou antwoord in detail.

(2)

- 5.5 Waaruit, volgens die visuele gegewens in die spotprent, kan 'n mens aflei dat die figure in die voorgrond van hierdie prentjie nie omgee om donkievleis te eet nie? Verduidelik jou antwoord deur na ten minste twee van die figure te verwys.

(2)

[10]

70 punte

AFDELING B POËSIE

Hierdie afdeling bestaan uit 4 vrae. Beantwoord Vraag 7 OF Vraag 8. Vraag 6 en 9 is verpligtend.

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTEND

Lees die voorbereide gedig 'Terafim' (Teks 6A) en onvoorbereide gedig 'Werkende vrou' (Teks 6B) in die Addendum, beide deur Eveleen Castelyn noukeurig deur en voer dan die opdragte uit.

- 6.1 Noem TWEE ooreenkomste en TWEE verskille tussen die inhoud van die gedigte 'Terafim' en 'Werkende vrou'. Ondersteun telkens jou antwoord met aanhalings uit beide gedigte. Toon asseblief duidelik aan uit watter gedig jou aanhalings kom. (4)
 - 6.2 Van watter stylfiguur word gebruik gemaak in strofe 2 van 'Terafim' om die luuksheid van die huis te beklemtoon? Verduidelik jou antwoord aan die hand van voorbeelde. (2)
 - 6.3 Watter minder ooglopende betekenis kan ook aan "haaie" geheg word binne die konteks van hierdie gedig? (1)
 - 6.4 Watter metafoor word in strofe 2 van 'Werkende vrou' geskep? Verduidelik jou antwoord met voorbeelde. (2)
 - 6.5 Watter een van die twee gedigte is na jou mening die treffendste? Verduidelik jou antwoord kortliks. (1)
- [10]**

EN**VRAAG 7 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG**

Lees die gedig 'High Roads' Robbery' deur D.J. Opperman (Teks 7 in die Addendum) aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

- 7.1 Wie is die "ons" waarna die spreker in versreël 4 verwys? Verduidelik jou antwoord deur na die res van die strofe te verwys. (1)
 - 7.2 Verduidelik kortliks hoe die gebeure in hierdie gedig aansluit by die titel. (1)
 - 7.3 Opperman skryf hierdie gedig vanuit 'n Westerse perspektief. Waarna, dink jy, verwys die metafoor die "Lamp van Jerusalem" (versreël 17)? Gee twee moontlikhede. (2)
 - 7.4 Waarom, dink jy, glimlag Koebilai Khan in versreël 18? (1)
 - 7.5 Wat is 'n "kapel" (versreël 19) gelees binne die konteks van hierdie gedig? (1)
 - 7.6 Waarom gebruik die spreker woorde soos "banje" en "toen"? Verskaf twee redes. (2)
 - 7.7 Waarom is die gebruik van die verkleiningsvorm en herhaling in die laaste strofe so effektief? Gee twee redes. (2)
- [10]**

OF

VRAAG 8 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

Lees die gedig 'eerste worp' deur T. T. Cloete (Teks 8) in die Addendum noukeurig deur en beantwoord dan dié vrae daaroor.

- 8.1 Sou dit korrek wees om te sê dat die spreker 'n Europeër is? Motiveer. (1)
- 8.2 In strofe 1 is daar baie punte aan die reëleindes, terwyl enjambement in die ander strofe gebruik word. Wat dink jy word daarmee oor die spreker se emosies gesuggereer? (2)
- 8.3 Watter tipe drome het die spreker in sy wêreld? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 8.4 Haal een woord uit die gedig aan wat naastenby dieselfde beteken as "koets teen die son" (versreël 12). (1)
- 8.5 In watter versreël is daar sprake van 'n teenstelling of ommeswaai? Motiveer jou antwoord deur na kleure te verwys. (2)
- 8.6 Volgens die spreker het ons "min groot name" (versreël 6) in ons geskiedenis. Lees weer die laaste vier versreëls en gee in jou eie woorde twee redes waarom dit die geval is. (2)
- 8.7 Die slotwoord in die gedig is "spotlag" (versreël 20). Dink jy dit is 'n baie effektiewe eindwoord? Motiveer. (1)

[10]**EN**

Die volgende, onvoorbereide gedig is **verplichtend vir alle kandidate**.

VRAAG 9 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die gedig 'woord' deur Neil van Tonder (Teks 9) in die Addendum noukeurig deur en beantwoord dan dié vrae daaroor.

- 9.1 Lei uit die titel af wat die spreker se houding teenoor die "woord" is. (1)
- 9.2 Watter woord uit die gedig beteken naastenby dieselfde as "uit-katerjol"? (1)
- 9.3 Vergelyk die eerste en die laaste strofe met mekaar. Verduidelik kortliks watter progressie/groei by die spreker plaasgevind het. (2)
- 9.4 In versreël 8 verwys "vryheid" na digterlike- of kreatiewe vryheid. Waarna, dink jy, verwys "vryheid" in versreël 9? (1)
- 9.5 Aan watter aktiwiteit koppel die spreker, op 'n metaforiese vlak, sy probleem? (1)
- 9.6 In versreël 15 word die woord "kraaines" gebruik. Waarna verwys dié woord letterlik en figuurlik? (2)

9.7 Gee 'n gepaste rede waarom die spreker 'n onbekende woord soos "rotsfeters" (r. 17) in die gedig ingesluit het. (1)

9.8 Die spreker hou nie altyd by die aanvaarde punktuasie nie. Watter enkele woord in die laaste twee strofes sluit by hierdie reëlverslapping aan? (1)
[10]

30 punte

Totaal: 100 punte